

# As 'n Dissipel sonde doen.

## Verskeie tekste

### Inleiding

- Hy het nie sy huiswerk gedoen nie
  - en skryf toe in die register periode sy wiskunde by iemand af.
- Sy het belowe sy sal vir niemand sê dat ek en my man probleme het nie,
  - maar nou kom ek agter dat almal weet.
- Hy het gesê ons hoef nie te bekommer oor die petrol vir die vakansie nie,
  - hy gebruik sommer sy werk se petrolkaart, hulle sal nie uitvind nie.
- Hierdie mense woon al drie in Vanderbijl,
  - is dissipels van Jesus
  - en kan net sowel jy wees...
- Wat gebeur as 'n *dissipel* van Jesus, ...sonde doen?
  - Maak dit saak?
    - ...as 'n Christen dan klaar vergewe is?
  - en as dit saak maak... hoe?
- Uit verskillende hoeke van die Bybel gaan ons die volgende ontdek oor Dissipels wat sonde doen:
  - Jy bly gered
  - maar jou verhoudings kry seer
  - en dit help om hierdie dinge te weet

### Jy bly gered

- As jy 'n Dissipel van Jesus is, en jy doen sonde,

- een ding of twee.
- 1 Keer of 'n 100....
- doen dit 100% niks aan jou redding of God se liefde vir jou nie.
- Gewaarborg.

- Dit werk só:

- In Jakobus 2:10 lees ons:

*"<sup>10</sup>As iemand die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie. <sup>11</sup>God wat gesê het: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie," het ook gesê: "Jy mag nie moord pleeg nie." As jy nou nie egbreuk pleeg nie, maar wel moord, is jy tog 'n oortreder van die hele wet."*

- Een ding of twee. 1 Keer of 'n 100.

- Skuldig is in elk geval skuldig.
- Dis hoe volmaak God se standaard is!

- **MAAR**

- net so omvattend as wat die skuld kom,
- so omvattend kom die genade
  - deur die betaal-werk van Jesus aan die kruis!

- In Romeine 8:1 word dit so uitgedruk:

*"Daar is dus nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie"*

- Geen kol agter jou naam wat maak dat jy gediskwalifiseer word nie.

- Geen inskrywing in die lêer op die rak in die hemel nie.

- Niks, nada, zero.

- Een ding of twee. 1 Keer of 'n 100.
  - Skuldig is skuldig... maar ook...
- Een ding of twee. 1 Keer of 'n 100...
  - gered is gered.
- **...MAAR**
- elke enkele sonde
  - maak steeds jou verhoudings seer
    - Sien...dis dalk nie meer dodelik nie...
    - maar dis nog steeds giftig...

## **Jou verhoudings kry seer**

- As Dissipel wat sonde doen
  - maak jy jousef seer,
  - mense om jou seer...
  - en boweal jou verhouding met God seer.
- Kom ons kyk hoe...

## **Met jousef**

- 1 Pet 2v11 gee 'n kykie in wat jy aan jousef doen met sonde:
 

*“Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe.”*
- Hy praat hier met Christene ...en ...hulle het nog steeds 'sinlike begeertes'.
  - In Engels is dit “fleshly lusts”.
  - Dit gaan nie net oor jou seksualiteit nie maar jou breër eerste instinkte...
    - en om dit sommer te volg... verwoes uiteindelik.

- Die letterlike uitdrukking vir 'verwoes' is: "wat oorlog maak teen jou siel".
- Die oorlog-taal wat hier gebruik word help jou om te verstaan dat
  - deur sonde in jou lewe toe te laat,
    - is dit asof jy vyandige soldate toelaat om kamp te kom opslaan in jou grondgebied.
    - Jy voorsien kos en blyplek,
  - sodat dit van binne af veg
    - om jou soveel moontlike skade en skaamte aan te doen.
    - Om jou kragteloos te laat.
- Hoeveel keer het jy al 'n verkeerde ding aangevang
  - net om na die tyd bitter spyt daaroor te wees.
  - Geknak in jou geloofsvertroue en vrymoedigheid voor God.
  - Wat tipies eerste gebeur is dat
    - jy ophou om met God regtig in gebed te praat.
      - Dit raak eers rympies... en dan raak dit op.
    - Die sonde het net nie vir jou gegee, wat dit belowe het om te gee nie...
      - en nou is nog 'n deeltjie van jou lewe verwoes
      - of in een of ander mate van chaos.
- En dis dikwels ook nie net jy wat skade kry nie...

### **Met ander**

- Die gemors in jou binnekant skommel en skud en spat oor
  - in ander mense se lewens soos Gal 5 die beskryf:

*"<sup>13</sup>Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde. <sup>14</sup>Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."<sup>15</sup>Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie."*

- As sonde in jou lewe oorneem,
  - is jou ingesteldheid nie meer ander se voordeel nie, maar jou eie.
  - Liefde verdwyn en die stryd begin.
    - ...en kyk hoe word dier woorde weer hier gebruik...
    - soos honde wat grom en blaf en verskeur.
- Jy is dalk die byter... of dalk die een wat gebyt word.
  - Mense wat jou verraaï, mislei, bespotlik maak, verneuk.
  - Hulle verkeerd maak aan jou kant seer...
  - en jou verkeerd maak weer aan ander mense se kant seer.

## **Verhouding met God kry seer**

- Presies soos 'n pa vir 'n kind nog steeds bitter lief kan wees
  - en in dieselfde asem baie hartseer en ontevrede kan wees.
- Dit pla maar in 'n verhouding as 'n kind dwarstrek
  - Nie groente wil eet nie
  - Nie die waarheid praat nie
  - Skelm rook
  - Eers 4:00 die oggend insluip.
  - Ons almal weet...

- daai's rowwe onstuimige oomblikke in 'n huis.
- Ons bokspringe en stywe rug
  - teenoor ons goeie Vader
  - is wat sy Heilige Gees bedroef,
    - of hartseer maak terwyl Hy jou wil reghelp (Ef4:30).
- Maar juis vanweë sy liefde, los hy ons nie.
  - Ons lees hiervan in Hebreërs 12:6-10:

*“My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig word as Hy jou tereg wys nie, 6want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem.”*

*7Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as sy kinders.*

....

*Hy tug ons tot ons beswil sodat ons in sy heiligheid mag deel.*

*11Wanneer ons getug word, lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir dié wat daardeur gevorm is, 'n goeie vrug: vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God.*

*12Versterk daarom die slap hande en die lam knieë 13en loop die reguit pad. Dan sal wat lam is, nie uit lit raak nie, maar gesond word.*

- Hoor hierdie laaste beeld wat dinge vir ons opsom:
  - Gewrigte wat papperig en lam is kan maklik uit lid raak en groot pyn veroorsaak.
  - Maar as jy die slap en lam areas van jou lewe versterk
    - deur die reguit pad te loop...
    - word dinge gesond.

- God bly lief,
  - maar raak ontevrede
    - en kan uit daardie liefde jou nie los nie...
  - en dan raak dinge onstuimig.
  
- So... jy bly dalk gered...
  - maar jou verhouding met jouself kry seer
  - en jou verhouding met ander...
  - maar ook jou verhouding met God raak onstuimig.

## **Wat is die waarde om hierdie te weet?**

- Die feit dat 'n gelowige dissipel van Jesus
  - Se redding klaar 100% vas is
    - Nou in nagmaal gevier!
  - Behoort jou
    - moed te gee as jy dalk êrens skaam en moedeloos
    - opgehou het om Hom te volg
- God is baie beter as wat jy dink.
  - Staan op...
  - Gaan terug
  - en begin stry as die Heilige Gees jou sonde onder jou aandag bring.
  
- As jy besef dat jy die soldate versorg wat teen jou eie siel stry...
  - Moet hulle nie meer grondgebied gee nie
  - dink twee keer voor jy hulle inlaat.
  - Jy maak jouself en jou groei en dienswerk seer.
  
- As jy besef dat jou gemors ander mense raak...
  - dink twee keer
  - Jou sonder raak nie net jouself nie.

- Hoe geheim hulle ook al is
- En as daar 'n groot gemors tussen jou en iemand anders is,
  - is die eerste tree om jou aandeel daarin op te rym.
- En laastens... God is te lief vir sy kinders
  - om jou te los
  - en sy eer is te belangrik.
- Hoe vinniger jy Hom vertrou
  - wat beteken dat jy gehoorsaam is aan sy wil...
- hoe gouer gaan die onstuimigheid in jou verhouding met hom
  - en ander areas van jou lewe weg.
- Jy word dan weer sterk,
  - Hy word weer in jou sigbaar tot mense se verstomming.

## **Evangelie**

- Kan jy dan die wonder van Jesus se betaling in sy dood en opstanding sien...
  - 100% genoeg vir lewe
  - Maar ook 100% die rede om verder as dissipel teen die gif van sonde te stry.
- Jy is nie net gered van sonde en die dood nie...
  - maar gered tot kindwees en lewe
    - 'n lewe wat uiteindelik ook lewe kan bring vir 'n gemeenskap waar baie nog in die dood sit.

## **Slot**

- Wat gebeur as 'n Dissipel sonde doen?

- Eintlik baie.
- Die verstommendste is dat jy 100% gered bly.
- Die hartseer is dat dit steeds gevolge het en skade maak,
- Die goeie nuus is dat
  - jy dit nou weet en deur die Heilige Gees 'n einde daaraan kan begin maak...
  - tot jou eie beswil, voordeel van ander
- en bo alles... tot mense se verwondering oor God.

**Amen**

Griffel van Wyk  
Trinitas  
Nagmaal  
27 November 2016